



Regter Johann Kriegler, destydse voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie met die eerste demokratiese verkiesing in 1994, gesels oor daardie geskiedkundige geleentheid in die rustigheid van sy studeerkamer. Foto: Denzil Maregele

‘Onmoontlike’ verkiesing

‘Ons het besluit dit sál werk’

Twintig jaar later vertel regter Johann Kriegler (81), destyds voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), die merkwaardige verhaal op die stoep van sy huis in Parkview, Johannesburg: die noue ontkomings, bomenslike poging, “donker ure” en die volkswil wat geseëvier het, ondanks gebreke. Dis allermins ’n “ek”-onderhoud, hy praat beskeie oor ander, almal se bydrae. Hy aanvaar aanvanklik die pos in die waan dit gaan om die verkiesingshof – en ontdek eers later dis die voorsitterskap van die hele OVK. “Ek was met vakansie aan die Suidkus toe die minister bel. Die see en die kinders raas, die telefoonlyn is onduidelik. Op pad Kaap toe kom ek eers my fouter agter – maar ek sou dit sonder huiwering weer doen!”

Kenners het gesê ’n verkiesing in vier maande is waansin, maar 27 April 1994 was in beton gegiet. “Ons gaan stem, dit gaan krom en skeef wees. Dis nie ’n Europese verkiesing of ’n ordelike, pragtige Skandinawiese proses nie. Dit gaan ’n Afrika-verkie-

Die verkiesing op 7 Mei is ’n roetine-saak, het oudregter Johann Kriegler aan **Pieter Cronjé** gesê. In 1994 was hulle bekommerd dat mense mekaar met AK 47’s die ewigheid sou instuur, vertel hy oor sy dae as voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie.



Hierdie foto, geneem op 19 Januarie 1994, wys regter Johan Kriegler en advokaat Dikgang Moseneke waar hulle die OVK se embleem aan die media wys. Foto: Beeld Argief



Twee bejaardes wat vir die eerste keer gaan stem het by Sempapa-Middelskool, by Wynandskraal, noord van Temba in wat vandag Gauteng is. Foto: Nicolene Olckers



Vlakkfontein, oos van Louis Trichardt (nou Makhado). Foto: A Mcineka (Beeld)



Drie dae voor die verkiesing, op 24 April, was daar ’n bomontploffing in Johannesburg. Foto: Beeld-biblioteek

ing wees. Ons gaan onder bome en in die buitelig stem, maar ons gáán stem,” het Kriegler die politieke noodsaak en die volk se afwagting verwoord – die twee kragte wat die OVK bemagtig het om die onmoontlike te vermag.

Een aand 23:30 antwoord hy sy foon: “Kriegler.” “Regter, dis Mandela hier. (Hy skakel self.) Ons begryp u probleme en steun u.” Daarna het Mandela hom altyd op Afrikaans gegroet.

“Ondanks oordrewe optimisme by sommige partye, was die

ANC die enigste werklike perd in die wedren en ’n eenperdwedren is makliker om te beoordeel. “Die 1994-verkiesing het geslaag ondanks tekortkominge, vanweë die politieke wil om dit te laat werk. Suid-Afrikaners sou nie die uitslag aanvaar het as dit nie hul wil weerspieël het nie. Die onderhandelde evolusie was ryp, die uurglas het begin leegloop en die verkiesing was die laaste kans om vrede te smee. Ons was saam in die drukgang en ons moes daardeur na groener weivelde.”

In Januarie 1994 besluit die OVK hy doen alles met die vaste oortuiging dat die verkiesing gáán werk. “Dit was ons interne dryfveer en selfvullende profesie. Ons voet was in die stiebeuel en ons moes ry. Hierdie was die geboorte, aborsie was ondenkbaar.”

Die OVK was verantwoordelik vir die verkiesing, maar sonder beheer oor die veiligheidsmagte wat vrede moes verseker. Die OVK moes die regering se hulp vra toe pres. Lucas Mangope van Bophuthatswana en hoofminister Mangosuthu Buthelezi deelname en OVK-toegang tot hul grondgebied geweier het. Die OVK-afvaardiging is vooraf in KwaZulu se wetgewende vergadering georkestreerd verneder. Die ontroning van pres. Mangope en die regering se afkondiging van ’n noodtoestand in Natal het die verkiesingsproses daar opgestel – maar bitter laat. Die IVP se toetreding ’n week voor die verkiesing het die OVK reuse-hoofbrekings besorg.

“Die Suid-Afrikaanse Weermag het ons deurgaans bygestaan en sonder hulle sou ons nooit die ekstra stemmateriaal kon versprei nie.”

Was hy ooit bang? “Nee, maar daar was donker ure.

“Die eerste was toe die OVK uit die Wêreldhandelsentrum in Kempton Park moes trek omdat dit ontoereikend was. Die tweede was in Februarie 1994 toe ons ontdek die lys stemlokale van die departement binnelandse sake is onbetroubaar en ons moet van nuuts af geskikte stemlokale vind.

“Derdens hoor ons in Maart daar gaan twee stemme wees – een vir die nasionale en een vir die provinsiale wetgewer pleks van net een vir albei. Die stemtelprosedures word daardeur verdubbel en die vereistes vir persoonel, stem- en telbriewe en -lokale en natuurlik logistiek word dramaties verhoog. Die vierde was toe die Oos-Rand, ’n kruitvat, se stembriewe op stemdag twee opraak en noodvoorrade gestuur moes word. Die vyfde was toe stemtellers staak vir meer geld en bemiddelaars moes bontstaan.

“Die sesde was toe die Nasrecltelsentrum, met bykans 20% van die land se stemme, die Saterdagmiddag ná die stemmery nog nie eens begin tel het nie – seker prosedures is nie (en kon nie) gevolg word nie. Ek gelas toe (en die OVK bekragtig later die middag) dat besware aangeteken word, maar dat die telprosedures onmiddellik begin. Die sewende was toe ons agterkom ons data-sentrum is binnegedring en sommige partye se stemtotale is gedokter. Die sentrum is afgesluit, spanne rekenmeesters het toesig

“Tot vandag het niemand, geen deskundige, politikus of joernalis getuienis voorgelê oor konkelwerk wat die verkiesing beïnvloed het nie.”

“Een les wat ons opnuut moet leer: As jy die skeidsregter aanval, raak die spel onmoontlik.”

gehou en getalle reggestel. (Die skuldige(s) is nooit gevang nie.)

“Die agtste donker uur was op 5 Mei, die dag voor die verkiesingsuitslae aangekondig is. Al die groot partye – die ANC, NP, IVP en DP – het geëis die OVK moet stemgetalle aanpas weens beweerde ongerymdhede of hulle sou die uitslag met regsaksie vertraag.”

Kriegler se antwoord? “Moenie kom praat oor honderdduisende dubbele stemme nie. Bring my die getuienis van een. Tot vandag het niemand, geen deskundige, politikus of joernalis, getuienis voorgelê oor konkelwerk wat die verkiesing beïnvloed het nie – niemand.”

Nugter voeg hy by: “Ek dink nie die verkiesing was sonder konkelwerk nie. Geen verkiesing is nie, maar daar was ongetwyfeld geen noemenswaardige konkelwerk nie. Daaropvolgende verkiesings het die ’94-stempatrone beaam. Dis ’n wolhaarstorie dat die politieke partye die uitslag ‘bekook’ het. Dosyne mense sou betrek moes word by so ’n slenter en tot vandag is daar geen getuienis nie.”

Min mense besef érens in die oorgangsproses het pres. F.W. de Klerk eintlik nie meer geregeer nie en pres. Mandela nog nie. Die OVK moes die land se leisels vashou.

Oor die komende verkiesing: “Daar is ’n gebrek aan leierskap op ’n breë vlak. Ons is verdeel, verwar, ontugter.”

“Een les wat ons opnuut moet leer: As jy die skeidsregter aanval, raak die spel onmoontlik. Aanvaar sy onkreukbaarheid en beslissings sonder teëstribbeling, anders kan jy nie jou deel van die spel speel nie. Dit is onrusbarend dat mense jag maak op die verkiesingskommissie. Verloorders blameer die verkiesingsadministrasie vir hul eie politieke tekortkominge. Dit is die tweede goedkoopste kaart in Suid-Afrika ná die rassekaart.

“Dieselfde geld die regbank. As jy eers die regbank nie vertrou nie, is die regsorde in sy peetje en dan is ons gedoem.”

Hoe het die 1994-verkiesing hom verander? “Onherroeplik. Ons was soos mense wat ’n veldslag saam deurgegaan het, soldate met posttraumatiese stressindroom. Ons het saam deur die dorstrand getrek. Ek het jare lank nagmerries gehad.

“Die OVK het my geleer om mense te versoen, dwarstrekkers op die gemeenskaplike eerder as verskille te laat konsentreer. My ‘verkeerde’ aanstelling was ’n bestiering, want dit het vir my ’n nuwe loopbaan geopen – verkiesingsfanatikus wat die wêreld sien op ander se koste!”

● **Pieter Cronjé was in 1994 kommunikasiedirekteur en woordvoerder van die OVK.**

GROOTSTE EN MOEILIKSTE NÓG

Van 26 tot 29 April 1994 stem bykans 20 miljoen Suid-Afrikaners in die eerste landwyde demokratiese verkiesing, meesal vir die eerste keer. Ondanks bomaanvalle, sabotasie, intimidasie en bloedvergieting wag menigtes geduldig om vir ’n nasionale vergadering en nege provinsiale wetgewers te stem.

Daar word by 10 500 stemlokale in 78 lande gestem. Een derde van die stemlokale is sonder elektrisiteit of enige ander krag. Min van vandag se moderne kommunikasie- en rekenaartegnologie was beskikbaar. Die helfte van die kiesers is funksioneel ongeletterd, maar in ’n omvattende kieseropvoedingsprogram word 6 miljoen handleidings in 11 tale landwyd versprei. Dit het gehelp om ’n stempersentasie van 86% plus te behaal met minder as 1% bedorwe stembriewe.

Die OVK móés binne vier maande verkiesing hou. Kenners het gesê dis onmoontlik in minder as 18 maande. Daar is 11 Suid-Afrikaanse en 5 buitelandse OVK-kommissarisse – en 350 000 OVK-personeellede op stemdag.

Die ANC kry 62,65%, die NP 20,39% en die IVP 10,54%. Die NP wen die Wes-Kaap en die IVP KwaZulu-Natal. Op 6 Mei 1994 sertifiseer die OVK die verkiesing as “wesenslik vry en regverdig”.

KRISISSE, WYSHEID EN HUMOR

Oor die verkiesing vooraf: “Dit is ’n onoorkomelike geleentheid.” Daarna: “Ons was te dom om te besef dis onmoontlik.”

’n BBC-televisiespan konfronteer hom buite die OVK-kantoor. “Regter, hoe kom is hierdie verkiesing so ’n gemors?” Dadelik antwoord hy: “Ek vra om verskoning dat ek u nie geweld kan bied nie.”

Die nuusagentskap Reuters bel die skrywer, toe OVK-woordvoerder: “Ons wil ’n onderhoud voer oor die geknoei met stemgetalle. Ons gaan dit opneem en u kommentaar sat die aandeelbeurs beïnvloed.”

VAN JAAR TOT INTERNASIONALE VERKIESINGSKENNER

Johann Kriegler was 25 jaar lank advokaat, daarna regter in die hooggeregts-, appèl- en konstitusionele hof (1994 tot 2002) en voorsitter van die OVK van 1994 tot 1999.

Die Verenigde Nasies, Afrika-Unie, Internasionale Kommissie van Juriste en Internasionale Balievereniging het sy kundigheid gebruik in Oos-Timor, Palestina, Angola, Namibië, Lesotho, Malawi, Pakistan, Swaziland, Botswana, Afghanistan, Irak, Sierra Leone, Liberië, Kenia, Maldives en Zimbabwe. Hy was voorsitter, lid of raadgewer van verkiesingskommissies daar of het lesings gegee oor regs- en verkiesingsake.

Hy help steeds regslui oplei. Voor 1994 het hy ’n aktiewe rol gespeel in die stigting van verskeie menseregte- en openbarebelangorganisasies.